

9 Mei

Jesaja 28:23-29

(Teks: 28:24)

Wonde tot op die been dien ook 'n doel

As 'n boer 'n stuk land omploeg, gaan hy tog êrens daarmee klaar kry en ophou. Watter boer gaan oor en oor die aarde al dieper oopskeur met sy ploeg?

Inteendeel, wanneer die grond diep genoeg oopgebreek en omgedolwe is om 'n vrugbare oes te kan oplewer, het die boer se skeurploeg sy werk voltooi.

Glo u dat die Here ook oor u lewe diep vore laat trek, maar dan nie met die bedoeling om u net maar te skend en te verwond nie?

U mag glo dat u God en Vader die wonde aan u toelaat sodat u voorberei kan wees om altyd 'n voller oes van dankbaarheid voort te bring.

Dit is doodeenvoudig nie waar dat die Here net maar aanhou en aanhou om ons dodelike wonde toe te dien nie.

Dit is 'n sataniese leuen wat u nie langer moet glo nie. Luister as God duidelik in sy Woord aan u sê: Ek sal net so min as wat 'n boer die grond bly oopskeur, jou binneste aanhoudend met swaarkry en beproewing bly verwoes.

As 'n boer weet wanneer om op te hou ploeg, hoeveel te meer weet ons alwyse God dit nie?

As u met gapende wonde in u gees te make het, onthou: God laat toe dat u omgedolwe word, sodat die oes van u lewe voller en ryker kan wees. Dit gaan vir Hom om die saad te laat ontkiem en nie om u te verwoes nie.

Begryp dan, die wonde tot op die been, dien ook 'n doel: 'n Goddelike doel wat ons nie altyd reg verstaan nie, maar wat vrugte in u oplewer waartoe u nie gedink het u in staat is nie.

Sing Psalm 25:4 en 5Ds. D. Laufs (Geref. Kerk Alberton-Wes)